AANKONDIGINGE

21 OKTOBER 2018

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars:	Ds. H Burger	Ds. C Barnardo	Ds. J Morkel	Ds. J Viljoen
	☎ 021 903 1798	021 982 7076	021 903 6654	084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Franci Gresse	☎ 082 891 2384
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)

W E L K O M B Y D I E E R E D I E N S !

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

TWEE-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:30	Samekoms van kerkraadslede	Koster se kantoor
9:00	***PREDIKANTE WAARDERING-SONDAG** ***BIDDAG VIR GESONDHEIDSDIENSTE** ***EREDIENS - NAGMAAL** Deurkollekte: Hospitaalbearbeiding Erediensspan 2+3 – Charl + Johan	Ds. Johan Morkel
09:00	Kinderkerk en jnr kategese	Konsistorie en daarna verskeie lokale
18:00	Informele Aanddiens/Kruiskompas NAGMAAL Bankkollekte	Lizelle de Bruin
19:00	Senior kategese (gr. 7 tot 10) Belydenisklas (gr.11)	

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
HOSPITAALBEDIENING

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
Job 42:1-6, 10-17; Ps 34:1-8,19-22; Heb 7:23-28; Mark 10:46-52

MAANDAG, 22 OKTOBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 23 OKTOBER
09:30 Senior Burgers – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 18:00 Dinsdag Mannegroep – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 19:00 Kooroefening – in kerk
WOENSDAG, 24 OKTOBER
09:30 Vrouelidmate – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 09:30 Othello Bybelstudie – in die kroeg by Desdemonia
DONDERDAG, 25 OKTOBER
09:30 Dienssentrum vir Seniors – Byeenkoms by Moedergemeente – Kom rek en strek saam Sopkombuis: Lyta van Wyk, Abbie Marais, Magdaleen Voigt, Martie Joubert, Tillie van Tonder, Elba Fourie 19:00 Uitvoerende Kommissie – vergadering in konsistorie
VRYDAG, 26 OKTOBER
09:30 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 27 OKTOBER
09:00 Huis de Kuilen Basaar
SONDAG, 28 OKTOBER
DRIE-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD HERVORMINGSFEES DANKBAARHEIDSONDAG 09:00 Oggenddiens DANKOFFERINSAMELING Deuroffer: Gemeente-ontwikkeling Erediensspan 1 – Chris van Niekerk 09:00 Kinderkerk en jnr kategese in konsistorie 18:00 Informele aanddiens/Kruiskompas Bankkollekte 19: 00 Snr kategese en belydenisklas

VANDAG SE DEUROFFER

GEMEENTE-ONTWIKKELING

Die Raad vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking is ’n gesamentlike werksaamheid van die NGK en VGK wat fokus op kerkplanting as belangrike wyse van evangelisasie in nuwe stadsgebiede maar ook in gebiede waar plaaslike geloofsgemeenskappe nie die kapasiteit het om hierdie uitdaging alleen te hanteer nie. Dit wil die missionêre uitdagings wat ’n nuwe Suid-Afrika aan ons stel op konkrete wyse hanteer deur nuut te dink oor die kerk, wat die klassieke Evangelie op ’n vars manier kan laat leef, ook in die mees armoedige konteks.

LIZELLE DE BRUIN

Lizelle de Bruin van Sondagoggend Joernaal op RSG, fasiliteer vanaand om 18:00 die aand-erediens. Ons nooi almal uit om dié erediens by te woon.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

21/10 Dienie du Plooy, Cisca Deutschmann, Jacques Gladstone, Koekie Pretorius, Gerard Filies, Anneke Engels
22/10 Lize-Ann du Plooy, Jan Vermaak
23/10 Tarina Esterhuysen, Jacques Triegaardt, Winfred Tiller, Sonja Nel
24/10 André Joubert, Charl Myburgh, Annika Cooper
25/10 Hildegarde Rich, Elza Cloete
26/10 Johan Matthee, Joanie Hall, Lisa van Greunen, Yolanda Britz, Lettie Saayman
27/10 Elsjé Burger, Margareth Esau, Henk Louw

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Liewer saam met God in my teenspoed as sonder Hom in my voorspoed.

HANS WALTER WOLFF

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Dit gaan nie goed met Elize Booyens (Othello) se gesondheid nie.
2. George Fullard (Piet-my-vrou straat 84) sterk tuis aan na ‘n operasie.
3. Ds. Francois Cillié se ma is oorlede.
4. Sias Koen (Swaan straat 11) is in die hospitaal.
5. Tom Geldenhuys (Othello) is tuis nadat hy in die hospitaal was.
6. Die gaan goed met Anchen, Annette de Villiers se kleindogter. Sy is vanuit die Intensiewe sorg eenheid na die Hoë sorg eenheid verskuif.
7. Charles en Veronica Wolfaardt (Othello) se kleinseun, James Wolfaardt, het die naweek aan die Wêreldkampioenskap “Obstacle course racing” in London deelgeneem.
8. Tannie Gertie Marais (Van Aarde straat 11) is ontslaan en sterk nou tuis aan.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week 4 stukkies verkoop en die totaal is nou 282 van 2000.

HUIS DE KUILEN

Huis de Kuilen se basaar vind vanjaar plaas op Saterdag 27 Oktober.

Oudergewoonte is ons weer verantwoordelik vir die grootkoek-tafel. Lidmate wat koeke wil skenk of ‘n finansiële bydrae wil maak, kan skakel met Daphne Jordaan (082 828 1252) of die kerkkantoor (021 903 3818).

MES KAAPSTAD

Kom vier MES (Metro Evangeliese Sorg) Kaapstad se 10de bestaansjaar saam met spesiale gaste, Elvis Blue en Coenie de Villiers as seremoniemeester op Woensdag 24 Oktober 2018.

Opbrengs van die funksie sal direk aangewend word vir die voortsetting van MES se buitengewone dienste aan die hawelose gemeenskap.

Kaartjies teen R600 per persoon (sluit ‘n 3 gang maaltyd in) is beskikbaar by Anelle by 021 949 8736 of anelle@mes.org.za .

DANKOFFERFEES: 28 OKTOBER

“Onthou asb. om julle Dankofferkoeverte volgende Sondag kerk toe te bring.
Dit is ‘n offer van Dankbaarheid vir al die seëninge wat ons uit die Here se hand ontvang.
Julle kan hierdie dankoffer ook per EFT inbetaal of in ‘n eie koevert bring.
Gebruik asb “Tiendemaandoffer” as verwysing of op die koevert.

DE EIKE KOSKAS

Daar is tans ‘n dringende behoefte aan die volgende produkte:

- blikkies groente
- blikkies vleis / vis

Bydraes kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word.

KINDERKERK

Die Kinderkerk sê baie dankie vir al die lidmate wat bygedrae het tot hulp projek van die derde kwartaal: BADISA se gemeenskapmoeders wat na kinders onder 6-jaar kyk terwyl die ouers gaan werk.

Die pakkies is afgelewer by BADISA om versprei te word na dié moeders. Die finansiële bydraes sal ook eersdaags aan hulle oorhandig word.

VAKANTE POS BY SINODE

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) nooi hiermee geskikte kandidate uit om aansoek te doen om die pos as **KOMMUNIKASIEBESTUURDER**. Die suksesvolle kandidaat moet die waardes en visie van die Sinode van Wes-Kaapland onderskryf, bemark en kommunikeer. ’n Aanvoeling vir die kerklike omgewing, sowel as ondervinding van die NG Kerk se strukture sal die aansoek versterk.

Sluitingsdatum: Donderdag 8 November 2018 om 12:00

Besoek asseblief ons webblad by http://bit.ly/Kommunikasiebestuurder vir die volledige advertensie en inligting oor die aansoekproses.

Navrae: Kenny Raats by ngkadmin@kaapkerk.co.za of 082 886 5643 of Francois Herselman (voorsitter van die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie) by fherselman1@telkomsa.net of 081 270 3226.

“SURVIVOR” OMGEEGROEP

Almal wat al met kanker gediagnoseer was of tans behandeling ontvang, word genooi om na die erediens vir ds. Chris voor die kansel te ontmoet. Ons wil ’n omgeegroep begin wat een maal per maand bymekaarkom waartydens ons mekaar kan ondersteun en saam in die spore van Jesus leef.

KLEREBANK

De Eike se klerebank was oor die afgelope paar jaar, danksy die ruim skenkings van lidmate, in staat om uit te reik na verskeie gemeenskappe en individue in nood.

Ons gee gereeld skenkings van klere, beddegoed, ens. aan Green Park, Kayamandi, Nuwerus, Badisa en ook die inwoners van Huis de Kuilen.

Tans is daar ‘n **groot gehoefte aan alle tipes klere (mans, vroue en kinder) sowel as beddegoed, handdoeke, ens**. Lidmate is welkom om enige skenkings by die kerkkantoor af te gee. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

WYNVEILING

De Eike se agste wynveiling verlede Woensdag by Kaapzicht was ‘n heerlike aand en ‘n groot suksies. Die 180 aanwesiges het genoeglik gekuier en die adrenalien van ‘n op en wakker veiling geniet.

Beyers Truter, die afslaer, help die bieërs nie net om oorvloedige geld vir die Here se werk te gee nie, maar getuig ook van sy eie lewende verhouding met die Here.

Baie dankie vir al die skenkers, medewerkers, tafelhoofde en so meer wat die veiling moontlik gemaak het. Daar is nog gelde en uitgawes uitstaande, maar voorlopig lyk dit of ons inkomste by R250 000 sal draai. Dit is bietjie meer as laasjaar. De Eike ervaar die Here se seën ook in die wynveiling.

HUIS HORISON, STELLENBOSCH

Huis Horison se somerkermis vind plaas op 3 November 2018 by die sentrum in Onder-Papegaaiberg plaas.

Vir heerlike eetgoed, speletjies, musiek en vermaak, pretloop, kunsuitstalling en nog vele meer, gaan ondersteun hulle gerus.

Skakel die sentrum by 021 887 5080 of e-pos bemarkingadmin@horison.org.za vir enige navrae of om ontbytkaartjies te bespreek.

PREEKSKETS 21 OKTOBER 2018

PREDIKER: DS. JOHAN MORKEL

TEMA : SONDAAR EN GODSMAN/-VROU?

SKRIFLESING: GEN 20:1-18

Loflied: 205:1-3
Lied met die gereedmaak van die tafel: 299:1-2
Uitstuurlied: 513:1-3

Inleiding: Mense beweeg op weeksoggende vanaf Kuilsrivier na hul werksplekke. So beweeg die kerk/gelowiges elke dag die wêreld in.

1. Gerar was die sentrum van die destydse heidenwêreld. Abraham vestig hom as vreemdeling in Gerar, die hart van die heidenwêreld.

1.2. 1 Petr.2:11 sê: *Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners.* Is ons regtig vreemdelinge op aarde? Is ons anders as dié wat tussen ons woon en werk?

2. Abraham gee voor dat Sara sy suster is – die halwe waarheid maar ‘n volle leuen omdat Abraham die indruk wou wek dat Sara nie sy vrou is nie. Abraham misluk hiermee as verteenwoordiger van God tussen die heidene.

2.1. Hoe dikwels trap ons nie in dieselfde strik as Abraham nie? Ons vertrou nie die Here nie, ons doen die naam van die Here oneer aan.

3. Abraham word uiteindelik voor die heidense mense ontmasker! Die wonder van die gedeelte is egter hoe totaal anders die Here as ons mense is. Die Here verwerp nie vir Abraham oor sy leuen/sonde nie. Die Here gebruik hom weer!

3.1. Die Here hou sy kerk in stand ten spyte van ons foute, tekortkomings en sonde. Die Here skryf nie mense af nie, Hy vergewe ons en gee weer vir ons kanse.

4. Nagmaal
   - herinner ons dat ons anders is - vreemdelinge.
   - gee ons geleentheid om die kere wat ons die Here gefaal het, te erken en te bely.
   - voed ons om waardige verteenwoordigers van God se Koninkryk op aarde te wees.